**Skriflesing:** Genesis 45: 1 – 10
Teks: **Genesis 45:5**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 68: 2, 4**
**TYDENS EREDIENS Sb 18-7 (45): 1, 3; Ps. 105:6, 24; Ps. 105: 15, Ps. 20: 1,2,4,5**

**Genesis 45: 1 – 10**

Gen 45:1 Toe kon Josef hom nie langer bedwing voor almal wat by hom gestaan het nie, en hy roep: Laat almal van my af weggaan! En daar het niemand by hom gestaan toe Josef hom aan sy broers bekend gemaak het nie.
Gen 45:2 Daarop bars hy in trane uit, sodat die Egiptenaars en ook die huis van Farao dit gehoor het.
Gen 45:3 En Josef sê vir sy broers: Ek is Josef! Leef my vader nog? Maar sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik voor hom.
Gen 45:4 Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle na Egipte verkoop het.
Gen 45:5 Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur.
Gen 45:6 Want daar was nou twee jaar hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.
Gen 45:7 Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle ‘n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot ‘n groot verlossing.
Gen 45:8 Júlle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar God; en Hy het my ‘n raadsman van Farao gemaak en ‘n gebieder oor sy hele huis en ‘n regeerder in die hele Egipteland.
Gen 45:9 Trek gou op na my vader en sê vir hom: So spreek u seun Josef: God het my ‘n gebieder oor die hele Egipteland gemaak. Kom af na my, moenie versuim nie!
Gen 45:10 En u kan in die land Gosen woon en naby my wees, u en u kinders en u kindskinders en u kleinvee en u beeste en alles wat u besit.

**Skriflesing:** Genesis 45: 1 – 10
Teks: **Genesis 45:5**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 68: 2, 4**
**TYDENS EREDIENS Sb 18-7 (45): 1, 3; Ps. 105:6, 24; Ps. 105: 15, Ps. 20: 1,2,4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as ons as gemeente vandag hier saam vergader is (ons is vandag ten minste 16 kerke met hulle afgevaardigdes hier bymekaar), besef ons nog altyd die maniere waarop ons as mense mekaar se lewens beïnvloed. (Ook hoe kerke mekaar kan beïnvloed?- dit is waaroor ’n meerdere vergadering handel- kerke kom bymekaar om saam besluite te neem, ons het ’n gemeenskaplike agenda wat al ons kerke raak, ’n agenda wat ons moet afhandel ... ons kerke moet ook in ons vergadering vandag ’n invloed na mekaar laat uitgaan.) Wat ander mense doen beïnvloed so dikwels ons lewens, ook op verskillende vlakke. Dit kan positiewe invloede wees maar daar kan natuurlik baie negatiewe invloede ook wees wat mense op mekaar kan uitoefen.

***

As ons vir ’n oomblik mag dink dit wat ander mense se positiewe invloed al op jou en my lewe kon wees, hoe kan ons die Here ooit genoeg daarvoor dank?! Dan kom ons wel vandag by Josef wat ons besef sy lewe was vir ’n groot deel baie moeilik gewees en dit juis oor ander mense. Natuurlik was hy nie in alles onskuldig nie, glad nie, maar hoe mense sy lewe direk geraak het, hom te nagekom het, hom seergemaak het, dinge wat lyk dis darem nie regverdig nie, daar staan Josef! Sy lewe is op so baie maniere bitter negatief gemaak deur die invloed van ander mense. Hy is deur sy pa bederf en bevoordeel bó sy broers. Hy is deur sy eie

broers vir dood in 'n put gegooi, hy is verkoop as slaaf aan Potifar. Hy is deur Potifar se vrou heeltemal vals beskuldig. Onskuldig word hy in die tronk gegooi, vir twee jaar is hy vergete in die tronk gelaat.

Baie sleg wat hy oorgekom het; soveel negatiewe gevoelens wat van hom besit kon neem. Ons stel dit weereens Josef was beslis nie in alles onskuldig gewees nie, maar ook verander dit niks aan die feit dat wat andere hom aangedoen het, baie sleg was. Dit aanvanklik deur sy eie mense, sy eie broers! Hoe nader mense aan mekaar is hoe seerder kan hulle mekaar ook maak.

***

Die mens het mos wat ons kan noem 'n behoefte om te behoort. 'n Behoefte tot assosiasie! Om deel te wil wees, om in familie en kerk en volk en gemeenskap te mag deel, is nie dinge wat ons goedkoop mag maak en mag miskyk nie. Veral om saam Kerk van die Here te wees is wat ons vandag opnuut moet laat vra hoe sien ek dit, hoe ervaar ek dit hierdie tye wat ons mag saamkom. In ons gelese gedeelte sien ons dit van twee kante. Van Josef se kant en van sy broers se kant.

***

Vir baie jare sou die broers dalk maar met 'n skuldgevoel moes bly rondloop, ons het ons broertjie so seergemaak. Hom wou doodmaak, in 'n put gegooi, op die einde verkoop. Vir ons pa blatant gelieg. Iets van die ou Jakob keer terug in sy kinders, om bedrieër te wees, ook wat hy met sy broer Esau gedoen het. Was dit dalk jeugdige voortvarendheid, dinge wat die jongmens doen wat nie deurdink is nie. Hoe het sy broers later daaroor gedink, daaroor gevoel. Seker meer as 20 jaar met hierdie vrae van wat het ons aangevang moes rondloop.

Ons sien iets van hulle totale verbasing, hulle verslaenheid, maar dit was seker ook 'n vrees wat hulle beetgepak het, as ons vers 3 lees - *Sy broers kon hom nie antwoord nie, hulle was te bang vir hom ...* Die ouer vertaling sê hulle was verskrik ... die 2020 Vertaling stel dit – hulle was *verbysterd ... hulle het verbysterd voor hom gestaan ...*in die Hebreeus lees ons hier die stam בהל die direkte betekenis om geskok te wees (shock). Dit is iets van 'n gevoel buite jou beheer. Om onmiddellik te kon assosieer met wat nou besig is om te gebeur, is nie altyd so maklik nie. Tog is dit in kerklike terme baie belangrik. Die broers sou moes assosieer waar staan ons nou ... wat het ons tot hier gebring.

Josef se behoefte tot assosiasie, om nie langer sy verbintenis met hulle terug te hou nie, is aangrypend. Hy huil so hard, dit word honderde meters gehoor. Ons lees hy kon hom nie langer bedwing voor die mense wat hom bedien het nie. Almal moes uitgaan. Dit moes net hy en sy broers wees. Ons sou kon sê die "vergadering" moes in kamera gaan. (Hoe dikwels gebeur dit dat kerke hulle sake net met mekaar moet kan bespreek ... nie ook vir die wêreld om te weet van ons moeilikhede nie). *Ek is Josef... Leef pa werklik nog?* Hy maak onmiddellik sy identiteit bekend maar identiteit is in 'n mate sinloos as die verband nie dadelik spreek nie- ons verband ... *leef pa werklik nog* ... julle pa is my pa.

Ons kom ook agter en die kerk van die Here moet altyd hieroor ernstig met mekaar wees, uit die behoefte, uit die honger- tot verband - moet kom die behoefte om te versoen. 'n Groot deel van die hoofstuk, waarvan ons net 10 verse gelees het, maar eintlik handel vv. 3 tot 15 oor hierdie behoefte om te versoen en dan die laaste deel vv 16 tot 28 is 'n behoefte om werklik vanuit die versoening te kom tot daadwerklike herstel. Alles wat stukkend geraak het, moet heelgemaak kan word. Soveel te meer as dit gaan om menslike verhoudinge. Om te assosieer, om innig te versoen, om daadwerklik te herstel, is verbondstaal, is kerklike taal; dit moet ook ons taal wees.

***

Dit wat ons taal verder moet wees, is juis dit wat Josef in sy mens-wees vir sy broers duidelik maak. Hy in sy mens-wees stort nie in duie nie. 'n Mens wat waarlik glo dat God regeer en dat God voorsien in die goeie en die slegte is die mens wat langs Josef kan kom staan. So één sal ook vandag saam Sondag 10 van die Kategismus wil bely. Dié Sondag wat aan ons die vraag stel - **Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?** Die antwoord bly so aangrypend - ***Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte , vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte , rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.***

Terwyl Josef in die tronk was, het hy al in sy mens-wees geglo dat al is ek 'n slaaf is ek nie 'n slaaf van my omstandighede nie. In ons taal vertaal laat ons veel eerder slawe van Jesus Christus wil wees as wat ons slawe van ons omstandighede gaan word. Josef is lank in die tronk maar daar word hy met al meer verantwoordelikheid toevertrou. Hy lê die drome van die skinker, die bakker en die farao uit. Hy kry dit reg om verby sy omstandighede te kyk, maar hy kry nog iets groter reg. Hy kry dit ook reg om verby mense in sy lewe te kyk. Al is

dit hoe belangrik om met andere te assosieer, te versoen, om my verhoudinge met hulle te herstel, doen ek dit in die eerste plek nie vir ander mense nie, maar dit is wat God met jou en my deur Jesus Christus werk om ons te laat verstaan alles gebeur omdat God dit so voorsien en so beskik het. Nog sterker gestel - Wanneer Josef oor die Here se beskikking praat dan noem hy dit nie dat God het dit nou maar so beskik nie. Hy stel dit dat die Here hom gestuur het.

Dit moet ons in die kern aangryp. Dit sou al mooi gewees het as Josef aan sy broers sou sê die Here het my bewaar, die Here het my beskerm, die Here het my gelei. Dit is alles waar maar Josef sien God se beskikking of God se voorsienigheid nog meer direk. God het my gestuur. *God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.* Die geheim vir Josef lê baie duidelik nie in wat mense doen nie, maar in wat God doen. Dwarsdeur Josef se lewe sien hy homself as gestuurde. Ons in hierdie gemeente moet ons in God se hande ook nie in 'n ander posisie wil plaas as Josef nie. (Ook by hierdie klassis vergadering vandag, ons mag en moet glo ons is hier as *gestuurdes* van God). Om deur God gestuur te word maak dat jy jou posisie waarin jy sekere verantwoordelikhede moet aanvaar en sekere groot besluite moet neem ook net makliker kan hanteer. Dis waarom Josef vir sy broers kon sê – ons lees die 2020 vertaling- *5 Maar moet julle nou nie ontstel en julleself verwyt omdat julle my verkoop het en ek hier beland het nie ...* Later in Genesis 50 dan onderstreep Josef sy geloof, sy gesindheid, ja die wyse hoe hy as gestuurde van God gesien moet word – Genesis 50: 19 -20 weer die 2020 Vertaling- *19 Maar Josef het vir hulle gesê: "Moenie bang wees nie, want is ek in God se plek? 20 Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad, met die doel om te doen wat vandag gebeur – om 'n groot volk aan die lewe te hou.*

Dis hoe Josef die stukke van sy lewe bymekaarhou, ja ook hoe die stukke van sy lewe al meer bymekaar kon kom. God gebruik my- God stuur my ... en op die einde in hfst. 50- julle het kwaad teen my bedink, ja julle planne was nie goed nie ... *Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad ...* die 1933' 53 Vertaling stel dit dalk die duidelikste ... *maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou.*

Ons hoor Josef die nou 'n tweede keer vir sy broers sê - God wil julle in die lewe hou- in hfst. 45 sê hy - *Want om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur.* Josef kom by hfst. 50 by 'n nog groter saak- dit gaan nie om my lewe, of om julle lewe nie, op die einde

het God ’n volk wou red, ’n volk om in die lewe te hou. Ja, om ’n groot volk in die lewe te hou, al was die getal van sy broers nie groot nie, is God se werk en God se planne altyd groter as wat ons ons kan indink. Ons moet nooit teen getalle vaskyk nie. Dit wys God se Woord ons keer op keer. Doen jou werk as gestuurde van God en laat God die telwerk doen, doen jy net jou deel. God sal vergader, beskerm en onderhou, dit was nog altyd ons belydenis rondom die kerk (Sondag 21 van die Kategismus- V/A 54- ***Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk****?* Ons antwoord **...** *Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.* (Later vandag sal ons by die Artikel 41 rondvraag ook kan vashou aan die res van Sondag 21 wat ons klassis-vergadering betref - ...).

Daarom as jy jouself vandag as deel van God se kerk mag sien, werklik ’n lewende lid, waarlik deel van wat ons bely *as die gemeenskap van die heiliges* dan kan ons dit alleen in Christus wees. As Josef sou praat van God wou my aan die lewe hou om julle aan die lewe te hou, daarom het hy my gestuur, dan besef ons dit wat Josef sê en bely is iets baie groter as wie hy was. In Jesus Christus is dit soveel te meer dit wat ons moet aangryp. God wat sy eie Seun na ons gestuur het, ja as Josef van homself as gestuurde praat, dan besef ons God het sy werk in wat met Josef gebeur het, net nog groter gemaak. Christus is na ons gestuur, ja geen groter “Gestuurde” as Hy kan daar wees nie. En dan kom ons belydenis oor die kerk en ek en jy as deel van die gemeenskap van die heiliges, net nog duideliker na vore - *ons as gelowiges almal saam en en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.*

Dit wat Josef vir sy broers by meer as een geleentheid kon sê, is inderwaarheid ook ons belydenis rondom vraag en antwoord 51... Al was hy eers tronk toe gestuur, ja mense het gedink hulle stuur hom, maar God het hom die tronk ingestuur en so is hy toegerus vir wat later hom die kwaliteite van ’n onderkoning sou besorg. Later sou hy werklik baie skatte en gawes kon verkry, maar dit sou hy nie vir homself wou hou nie. Hoe het Josef sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van sy broers aangewend. Josef doen wat Christus volmaak sou kom doen.

Ons vandag hier as lede wat met Christus gemeenskap wil hê, ons deel sy skatte en gawes, ons moet waarlik wil glo soos Josef geglo het, dat God het hom gestuur ... As ons dit besef dan mag ons ook beter verstaan hoekom is ek deel van God se kerk (hoekom word ek deur my geloofsbrief deel van 'n kerklike vergadering) ... alleenlik om in Christus jou roeping en dan jou gestuur wees uit te leef.

Dit moet ons uiteindelike doel op aarde wees, nie om vir myself te lewe nie, maar lewe dat andere kan lewe.  Dit kan alleen in Christus deur die Heilige Gees gebeur. Josef was maar net 'n skaduwee daarvan.  Die Heilige Gees trek ons dan al nader na Christus om ons al duideliker op die pad te plaas om as gestuurde van God die lewe bekend te maak wat aan ons bekend gemaak is.  Kyk vir 'n oomblik terug op jou eie lewenspad, dit wat jou gebring het tot hier vandag.  Besef jy die invloed wat ander mense in jou en my lewe gehad het, niks daarvan het toevallig gebeur nie.  Al het daar soms dinge gebeur wat vir my swaar was, sommige dinge was dalk baie sleg, tog het God ook die slegte kon gebruik om jou te stuur waar jy vandag is.  God gebruik ook die slegte om daarmee goed te doen.  Hoe wonderlik dit wat God kan doen.  Daarom laat ons nooit teen mense vaskyk nie, maar kyk verby hulle.  Soek na wat die Here met jou wil doen, dit waarvoor die Here jou voorberei en waarvoor hy ons gestuur het om te doen wat jy moet doen (ook vandag by hierdie klassikale vergadering).

AMEN

.